



## Verbruikersfonds is nou die OLD MUTUAL INDUSTRIAL FONDS

Nadat beide ons Verbruikersfonds-kliënte en die Raad op Finansiële Dienste toestemming verleen het, het ons die naam en beleggingsmandaat van hierdie fonds verander.

Hoewel die Verbruikersfonds 'n uitstekende prestasiegeskiedenis het (en baie prestasietoekenings ingepalm het), het dit net in nywerheidsaandele met 'n verbruikersfokus belê. Al die ander fondse in sy portuurgroep\* het 'n breër mandaat om oor die hele nywerheidssektor (soos gedefinieer deur die FTSE/JSE Nywerheidsindeks) te belê. Die uitbreiding van ons fonds se beleggingsuniversum gee die fondsbestuurder nou groter ruimte om mededingende prestasie te verkry.

Fondsbestuurder Patrick Ntshalintshali wil kliënte die versekering gee dat hierdie mandaatverandering nie 'n radikale stap is nie – aangesien die verbruikersuniversum nog steeds die nywerheidsindeks oorheers. “Die voordele om 'n breër spektrum van nywerheidsaandele te hê,” sê Patrick, “is dat die diversifikasievoordele die risiko/beloning-verhouding vir beide die fonds en sy kliënte kan verbeter. Ons handhaaf steeds ons beleggingsdisipline en -filosofie in ooreenstemming met Old Mutual se standaard en prosedures.”

Die fonds het sy mandaat verander en op 29 Mei 2006 die Old Mutual Industrial Fund geword.

\* Binnelands – Aandele – Nywerheidskategorie

### Koop en verkoop u effektetrusts aanlyn!




Selfbediening is nie net vir kafeterias of aanlyn-kopers bedoel nie – dis ook geredelik beskikbaar vir effektetrustbeleggers.

Old Mutual Effektetrusts het onlangs weer die fasiliteit ingestel om onderaandele aanlyn te koop en te verkoop. Dit is ideaal vir regstreekse beleggers wat hul portefeuljes aktief bestuur. Om toegang te kry tot hierdie fasiliteit, moet u op *My Secure Services* geregistreer wees. Vir diegene wat nog nie geregistreer is nie, is die opsie geredelik op die tuisblad beskikbaar by die afdeling “What Do You Want To Do”.

Registrasie gee u die keuse om net toegang vir kykdoeleindes (“view only”) te verkry, d.w.s. om u effektetrustportefeulje en persoonlike besonderhede aanlyn te kan bekyk; of om transaksies aan te gaan (“transact”) – d.w.s. om u onderaandele aanlyn te koop, te verkoop en om te skakel. Die “transact”-registrasieproses is langer as die “view only”-proses omdat dit 'n streng verifiëringsproses insluit.

FONDS	Prestasie % p.j.		
	1 jaar	3 jaar	5 jaar
Beleggersfonds	39.2	37.5	23.2
Dinamiese Vloerfonds	18.5	18.3	N.V.T.
Enhanced Income Fund	7.9	N.V.T.	N.V.T.
Finansiële & Nywerheidsfonds	29.3	36.1	17.2
Finansiële Diensfonds	30.1	36.5	17.4
Four Plus Capital Fund of Funds	13.1	13.0	N.V.T.
Four Plus Global Fund of Funds	27.9	20.4	11.7
Four Plus Growth Fund of Funds	26.5	25.6	16.7
Four Plus Secure Fund of Funds	5.2	6.6	N.V.T.
Gebalanseerde Fonds	31.6	28.3	19.2
Geldmarkfonds	6.7	7.7	9.2
Goudfonds	75.2	23.5	30.1
GroEIFonds	35.2	38.1	23.8
Hoëdividendfonds	34.6	41.6	30.1
Industrial Fund	27.9	41.8	29.6
Inkomstefonds	6.5	8.5	9.8
Internasionale GroEIFonds van Fondse	22.1	11.2	3.4
Kleinmaatskappyefonds	35.4	45.6	28.6
Mynbou- & Hulpbronnepfonds	77.2	44.2	33.4
Primafonds	4.1	9.6	11.7
SA Genoteerde Eiendomsfonds	21.1	N.V.T.	N.V.T.
Top 40 Fonds	51.4	37.7	19.2
Topmaatskappyefonds	34.9	38.9	22.4
Veelsydige Fonds	33.5	31.5	18.1
VK Geldmarkvoederfonds	12.8	4.4	5.9
Waardefonds	34.6	39.5	26.2
Wêreldaandelefondse R	28.5	17.8	7.1
Wêreldaandelefondse A	27.6	16.8	6.5
Wêreldeffektevoederfonds	8.2	2.1	6.7
Wêreldtegnologiefondse	13.5	8.1	-8.1
<b>Suid-Afrikaanse VPI</b>	<b>4.7</b>	<b>2.9</b>	<b>4.7</b>

Bron: Standard & Poor's Fund Services. Enkelbedragbeleggingstoteinde Junie 2006, uitkeringsherbelê en NBW-NBW-pryse gebruik (d.w.s. aanvangskoste uitgesluit). Old Mutual Effektetrusts is deur die JSE Sekuriteitebeurs SA gelysiesier om die FTSE/JSE Top 40 Indeks se naam te gebruik.



JULIE 2006

# Finansieel Gesproke



2. Hou by beleggingsbeginsels

4. Nuwe fonds het inflasietema

6. Fonds wys sy staal te midde van onbestendigheid

8. Jongste prestasiesyfers



Junie

© Old Mutual Effektetrusts Julie 2006. Finansieel Gesproke is 'n nuusbrieff wat as 'n diens aan Old Mutual Effektetrusts se beleggers gepubliseer word. Hoewel dit met redelike sorg saamgestel is, aanvaar Old Mutual Effektetrusts geen aanspreeklikheid vir enige verlies of skade wat gely, of onkoste wat aangegaan kan word as gevolg van inligting wat in hierdie publikasie vervat is nie. Geen stelling in hierdie nuusbrieff moet beskou word as 'n aanbeveling om 'n spesifieke fonds of produk te koop of verkoop nie. Ons stel voor dat u ons of u finansiële adviseur skakel voordat u enige besluite neem wat op hierdie inligting gegrond is. Indien u bykomende eksemplare van hierdie nuusbrieff wil ontvang, skakel asseblief ons Dienssentrum (0860 234 234). This publication is also available in English as Financially Talking. Effektetrusts is gewoonlik medium- tot langtermynbeleggings. Vorige prestasie is nie 'n aanduiding van toekomstige groei nie. Dit is belangrik dat u voorbereid moet wees op skommeling oor die korter termyn, terwyl u belegging in ooreenstemming met die markte beweeg. Wisselkoersbewegings of -skommeling kan meebring dat die waarde van onderliggende internasionale beleggings styg of daal. Aanvangskoste (van 0% tot maksimum 5.7% van die beleggingsbedrag) word afgetrek voordat onderaandele gekoop word. Hierdie koste kan kommissie (tot 3.42% van die beleggingsbedrag) insluit. Jaarlikse diensgeld (van 0.57% tot 2.28%) word op die markwaarde van die fonds se bates bereken (inkomste en toelaatbare atrekkings uitgesluit) en van die portefeulje afgetrek op 'n maandelikse grondslag. Four Plus-fondse en die Internasionale GroEIFonds van Fondse kan kommissie van 0.57% uit die diensgeld betaal. Verdere fooie wat van die fonds se portefeulje afgetrek kan word, is verpligte en bankkoste, makelaarsloon, belasting op bemerkbare effekte, ander belasting en heffings, bewaarder- en trusteegeelde, en ouditgelde. 'n Lys van heffings en koste en maksimum kommissie is by die maatskappy/tussenganger verkrygbaar. Die daaglikse prys is die huidige waarde van die fonds se bates plus inkomste (minus uitgawes), gedeel deur die getal uitgereikte onderaandele. U kan u belegging maklik verkoop teen die heersende prys van die dag (soos bereken om 15h00 op 'n vooruitprysingsgrondslag). Die Old Mutual Geldmarkfonds se onderaandeleprys is stasies en rente word daaglik om 13h00 verklaar. Al die nodige dokumente moet voor 15h00 (13h00 vir Geldmarkfonds) ontvang word om op dieselfde dag nog verwerk te word. Spesialisaandelefondse kan 'n groter risiko inhoud, aangesien blootstellingsperke ten opsigte van 'n enkele sekuriteit hoër kan wees. 'n Fonds van fondse-effektetrust belê slegs in ander kollektiewe beleggingskemas, wat hul eie heffings kan vra. Die Dinamiese Vloerfonds, Hoëdividendfonds en Enhanced Income Fund kan gesluit word om ooreenkomstig hul mandaat bestuur te kan word. Lid van die Vereniging van Kollektiewe Beleggings, SA.



## Van die Redakteur

Tracy Hennessy,  
Hoof van Kommunikasie

Die markte is weer eens aan die wipplank ry! Wat egter bemoedigend is, is dat effektetrustbeleggers, anders as tydens die markregstelling in 1998, dit baie versigtiger benader. Gegewens wat deur die Vereniging van Kollektiewe Beleggings (ACI) uitgereik is, toon dat die meeste nuwe beleggings, ondanks sterk aandeleprestasie, in lae- tot mediumrisiko-fondse geplaas word. Dit sluit fondse in wat in beide aandele en rentedraende sekuriteite belê. Die Suid-Afrikaanse effektetrustbeleggers is oor die algemeen beter geposisioneer om markonbestendigheid te trotseer.

Dankie vir diegene wat aan ons geskryf of e-pos gestuur het. Ons waardeer dit regtig om van u te hoor. Ons het 'n paar navrae gehad oor die vermindering van ons koste. Laat verlede jaar het ons die aanvangskoste wat van alle nuwe beleggings afgetrek word, verminder. Hierdie koste bestaan uit 'n administrasiefooi (maksimum 2%) en kommissie vir advies (maksimum 3%). Vir beleggings van R5 000 en meer per fonds is die administrasiefooi nou 0%.

Die verlaagde koste geld slegs vir individuele transaksies binne 'n fonds en berus nie op die totale waarde van nuwe beleggings of van u portefeulje nie – as gevolg van die administratiewe koste wat met die verwerking van transaksies gepaardgaan. Insgelyks geld die verlaagde fooi nie vir ons aftreeprodukte (Persoonlike Leeftyd-annuïteit en Persoonlike Uittredingannuïteit) nie, aangesien hierdie produkte weens reguleringsvereistes duurder is om te administreer.

Geniet hierdie uitgawe van Finansiële Gesproke. Ek verneem graag van u. - Tracy

Finansiële Gesproke, Old Mutual Effektetrusts  
Posbus 207, Kaapstad 8000  
Dienssentrum: 0860 234 234  
Faks: 0860 220 207  
E-pos: [unitrusts@oldmutual.com](mailto:unitrusts@oldmutual.com)  
Internet: [www.oldmutualunitrusts.co.za](http://www.oldmutualunitrusts.co.za)

## Hou by u Beginsels

Sedert laat verlede jaar waarsku ons beleggers gereeld dat hulle, ná die buitengewone plaaslike markprestasie (van veral aandele en eiendom), hul opbrengsverwagtinge afwaarts en hul risikoverwagtinge opwaarts moet aanpas. Nietemin het die vinnige en skerp regstelling deur plaaslike markte in Mei en Junie baie van ons verras.

Voor die begin van die regstelling in Mei, het die FTSE/JSE Alle Aandeleindeks 'n buitengewone 3-jaaropbrengs in die omgewing van 45% p.j. (tot einde April 2006) gelewer. Hierdie soort groei is nie net buitengewoon nie, maar ook seldsaam in die geskiedenis van ons aandelemark. Slegs by twee vorige geleenthede oor die afgelope 45 jaar het die aandelemark sulke uitmuntende 3-jaaropbrengste gelewer.

Die geskiedenis toon dat prestasie ná tydperke van hoë opbrengste geneig is om laer te wees in die daaropvolgende paar jaar, hoewel die langtermintendens steeds opwaarts is. Terwyl die 3-jaaropbrengste die stratosfeer binnegegaan het, is dit noemenswaardig dat die 10-jaaropbrengs van die Alle Aandeleindeks 15% p.j. was – 'n prestasie wat baie ooreenstem met die historiese gemiddelde van 16% p.j. oor die lang termyn (deurlopende 10-jaartydperke vanaf 1960 tot einde April 2006).

### WAT SÊ DIT DUS VIR ONS?

Niks nuuts nie! Teen hierdie tyd is die meeste van ons terdeë bewus van die feit dat die aandelemark oor die kort termyn onbestendig kan wees, maar oor die lang termyn een van die kragtige bronne van welvaartskepping is. Onlangse studies toon dat beleggers se gedrag die grootste invloed het op die opbrengste wat hulle behaal. Ongeag wat die markte doen, is dit belangrik dat u by die basiese beleggingsbeginsels bly:

### Kry 'n goeie finansiële plan wat gereeld hersien word

Die doel van finansiële beplanning is om 'n oplossing te kry wat aan u persoonlike behoeftes voldoen. Dit sluit in die bepaling van u doelwitte, huidige finansiële posisie, tydraamwerk en aptyt vir risiko. Nadat u plan opgestel is, is dit belangrik om dit gereeld te hersien, met die hulp van u finansiële adviseur of makelaar – veral ná tydperke van buiteenwoon goeie of swak prestasie in die markte. Beleggers behoort minstens een keer per jaar saam met hul adviseur hul vorige aannames na te gaan en veranderings aan te bring waar nodig.

### 'n Gediversifiseerde portefeulje help om risiko te bestuur

Vorige prestasie bewys dat geen bateklas (aandele, effekte, kontant, eiendom) elke jaar die toppresterder is nie. Juis daarom word u aangemoedig om u portefeulje te diversifiseer. Diversifikasie beteken eenvoudig om nie al u geld op een kaart te plaas nie. Dit verlaag u risiko's omdat swak prestasie van een belegging deur sterker prestasie van die ander beleggings geneutraliseer kan word. Hoewel baie beleggers die beginsel van diversifikasie verstaan, verloor sommige uit die oog hoe belangrik dit is om internasionale beleggings in te sluit. Dit beskerm u teen skommeling in die plaaslike geldeenheid en versprei u geld oor markte en industrieë regoor die wêreld. 'n Goeie voorbeeld is die onlangse swakheid in plaaslike markte wat saamgeval het met 'n swakker rand – dit het die opbrengste van oorsese beleggings 'n hupstoot gegee. Een fonds wat uit die swakker rand voordeel getrek het, is die **Old Mutual Internasionale Groeifonds van Fondse**. Hierdie fonds gee u

## Nuwe kommunikasieplatform verleen groter buigsaamheid



Ons het 'n nuwe kommunikasiestelsel in werking gestel wat u in staat stel om u korrespondensie per e-pos te ontvang. Die e-pos-opsie beteken u kan vertraging in die pos vermy en onmiddellik in kennis gestel word van transaksies wat afgehandel is.

Ons het ook die taal-opsies herstel – ons kan dus weer korrespondensie in Afrikaans uitstuur (dankie vir u geduld tot dusver).

### Die volgende kan oor die pos of per e-pos ontvang word:

- ✉ Transaksiestaat met besonderhede van u koop-, verkoop- en/of omskakelingstransaksies.
- ✉ Bevestiging van veranderings aan u persoonlike, bank- en/of debietorderbesonderhede.

- ✉ Geldmarkfonds-state (word maandeliks gestuur aan beleggers met R10 000+ in die fonds).

### E-pos alleenlik:

- ✉ Uitkeringstate word in April en Oktober elke jaar uitgestuur. Dit sluit die fondse in wat kwartaalliks uitkerings verklaar (die ander 2 verklarings word in die Januarie- en Julie-rekeningstate gedek – sien hieronder).

**Pos alleenlik:** (aangesien hierdie nuusbrieff of ons jaarverslag daarby ingesluit is)

- ✉ Rekeningstate word in Januarie en Julie elke jaar uitgestuur. Hulle bevat besonderhede oor transaksies sedert die vorige staat en sluit ook 'n uiteensetting van inkomste-uitkerings in (IT3b) in.
- ✉ Belastingstate – die uitkeringstate (IT3b) en kapitaalwinstbelastingstate (IT3c) word elke jaar in Maart gepos.

As u verkies om u korrespondensie per e-pos te ontvang, skakel ons asseblief by 0860 234 234 of stuur vir ons e-pos by [unitrusts@oldmutual.com](mailto:unitrusts@oldmutual.com). E-posboodskappe is in 'n PDF-formaat en maksimum 70KB groot.

## “Hallo, dis Marlene wat praat.”



Marlene Brooks het jare ervaring van kliëntediens. Sy hou van die interaksie met kliënte en finansiële adviseurs – en is trots op die feit dat sy goeie diens kan lewer. “Wanneer ek 'n oproep ontvang van iemand wat regtig ontvrede is, laat dit my goed voel dat ek hulle kan help en 'n verskil aan hul dag kan maak.”

In haar vrye tyd is Marlene graag by liefdadigheidsveldtogte in haar gemeenskap betrokke. Sy hou ook van lees.

••• vervolg van bladsy 5

het die hoogte ingeskiet en sal na verwagting teen die einde van hierdie dekade sowat 80% wees. Dit beteken 'n massa goedkoop, aanstelbare (laaggeskoolde) arbeid word beskikbaar. Vir die eerste keer sal Indië dus 'n stygende spaarkoers tesame met beide 'n groeiende werkende bevolking en geleterde, aanstelbare mense hê.

Dit skep vir Indië die milieu om China se voorbeeld te volg – om kapitaal en arbeid te kombineer om eenvoudige, goedkoop vervaardiging te verkry. Hoewel Indië se dienstesektor bedreig word weens China se opkomende middelklas, sal China se vervaardigingsektor dus met Indië moet begin meeding.

### Dit is wat sommige van u oor Marlene gesê het:

“Ek moet jou 'n kompliment gee – jou diens is werklik uitstekend.” L da Silva

“Dankie vir jou vinnige en doeltreffende reaksie.” C Smith

“Ek is uiters beïndruk met die diens wat ek van jou ontvang het.” FH Gani

“Julle het die vriendelikste oproepsentrum en dis 'n plesier om met almal van julle te skakel.” JT van Wyk

### OMSETGROEI vs. WINGROEI

Sterk omsetgroei beteken nie dat daar altyd hoë winsgroei (maatskappywinst) is nie. Ons het gesien dat China hoë BBP-groeikoerse (omsetgroei) oor lang tye genereer – en tog bly hul aandelemark onbestendig. Dit geld veral vir sektore waar dit net om die aanwending van arbeid en kapitaal gaan. Insetpryse gaan op en mededinging neem toe – en dit plaas marges (winst) onder druk.

# Fonds wys sy staal te midde van onbestendigheid

Onbestendigheid raak nou 'n kenmerk van wêreldmarkte, en ontluikende markte word al hoe meer kwesbaar vir senuagtigheid in wêreldmarkte.


Ondanks die onlangse dalings in die FTSE/JSE Alle Aandele-indeks (ALSI), dui die invloed in Suid-Afrikaanse effekte-trusts daarop dat beleggers beter voorbereid is op markonbestendigheid as wat hulle byvoorbeeld in 1998 was. Oor die laaste paar jaar is die meeste beleggings in fondse met 'n matige risiko geplaas. Een so 'n groep fondse is die "Teiken Absolute & Reële Opbrengs"-kategorie effekte-trusts – waarin die Old Mutual Dinamiese Vloerfonds nou R2.9 miljard van beleggers se geld bestuur.

Die Dinamiese Vloerfonds streef kapitaalgroei oor die lang termyn na, met 'n sterk fokus op die bestuur van risiko (d.i. die moontlikheid om geld te verloor). Dit gebruik 'n gesofistikeerde kwantitatiewe model om die blootstelling aan verskillende bateklasse (aandele, effekte en kontant) te bepaal. Die fonds se doel is om te verseker dat die aanvanklike netto waarde van 'n belegger se kapitaal na enige 12-maandetydperk nie laer as 90% daal nie. Dit is belangrik om daarop te let dat die fonds geen waarborg bied nie, en die waarde van u belegging sal wissel, al is die skommeling matiger as dié van 'n suiwer aandelefonds.

Hierdie gediversifiseerde fonds het oor die algemeen 'n sydigheid vir aandele, maar wanneer die mark verswak word die fonds se aandelegewig verlaag – hetsy deur genoteerde afgeleide instrumente te gebruik of die blootstelling aan effekte en kontant te verhoog. Insgelyks, wanneer die mark styg, verhoog fondsbestuurder Garth Taljard die aandeel-komponent van die portefeulje. Namate die fonds se waarde toeneem, styg die vloer ook, en wins word vasgepen.

Vroeg in 2003 byvoorbeeld, toe die markte gedaal het, het die fonds se aandeelblootstelling tot minder as 20% van die portefeulje gedaal – sy vloervlak het egter onveranderd gebly. Later, gedurende die tweede helfte van 2004, toe die aandele-mark aan die loop was, het die fonds 'n redelik aggressiewe aandeelblootstelling van meer as 60% van die portefeulje gehandhaaf. Op daardie tydstip kon die fondsbestuurder die vloer verhoog en effektief wins vir beleggers vaspen.

Sedert die Dinamiese Vloerfonds se bekendstelling in November 2002 was die hoogste opbrengs wat oor 'n deurlopende 12-maandetydperk aangeteken is 32%, en die laagste 6%. Die vloer is oor hierdie tydperk 50 keer verhoog. Die stippellyn op die bygaande grafiek is die kritieke vlak waaronder die fonds nie moet daal nie, omdat dit die vlak is waarop die fonds se opbrengste 12 maande gelede "vasgepen" is.



**Garth Taljard, Fondsbestuurder:**

“Toe markswakheid ingetree het, het ek vinnig die fonds se aandeelblootstelling vanaf die toegelate maksimum (70%) tot ongeveer 25% van die portefeuljewarde verlaag. Hoewel die fonds 9% verloor het tussen 11 Mei en 13 Junie, bly die verwagte vloervlakke onaangetas, en ek sal nie huiwer om blootstelling selfs nog verder te verlaag indien die mark nog laer beweeg nie.”

## Wat sal gebeur indien groter onbestendigheid of 'n beermark voorlê?

In geval van langdurige onbestendigheid of 'n volskaalse beermark (daalmark) sal die fonds kapitaal beskerm deur 'n lae aandeelblootstelling en hoër kontantreserwes te handhaaf.

Die fondsbestuurder sal poog om die fonds se opbrengste te verbeter terwyl die matige risikoprofiel van die fonds gehandhaaf word, deur:

- ▶ die verkryging van ekstra opbrengste uit eiendom
- ▶ selektiewe aandeelkeuse op grond van OMBB se uitgebreide navorsing
- ▶ die slim aanwending van afgeleide instrumente.

Dit is moontlik dat die fonds by tye nie sy opbrengsteiken sal haal nie. Dit is dus belangrik om te besef:

- ▶ Die fonds se waarde kan daal.
- ▶ Die fonds kan meer as 10% oor die kort termyn prysgee.
- ▶ Dit is egter hoogs onwaarskynlik dat die fonds op 'n deurlopende 1-jaargrondslag met meer as 10% sal daal.


onmiddellik wêreldwye diversifikasie aangesien dit in 'n verskeidenheid aandele-, effekte- en geldmark-effekte-trusts belê. Wanneer u besluit om geld oorsee te belê of oorsese bates terug te bring, is dit belangrik om dit in oorleg met u finansiële adviseur te doen, omdat valuta-onbestendigheid 'n ernstige invloed op u opbrengste kan hê.

## Dit is tyd in die mark wat tel – nie marktydsberekening nie

Baie mense glo die geheim van suksesvolle belegging is om te weet wanneer om te koop en te verkoop. Feit is dat niemand weet wanneer die markte gaan styg of daal nie – en om tydsberekening op die mark te probeer toepas, is stresvol, en boonop selde suksesvol. Hoe gouer u begin belê, en hoe langer u belê, hoe groter is die kans oor die algemeen dat u 'n ruim opbrengs sal kry, ongeag die skommeling tussens-in.

'n Langtermyn-beleggingsbenadering hou baie voordele in:

1. Dit verlaag u risikovlakke. Hoe langer u in die mark is, hoe minder onbestendig is u totale prestasie. Die grafiek toon die uiteenlopende opbrengste van die Old Mutual Beleggersfonds oor verskillende tydperke. Oor enige 5-jaartermyn (van Oktober 1966 tot einde Junie 2006) sou u hoogste opbrengs 44% p.j. gewees het, en die laagste -8% p.j., met 'n gemiddelde opbrengs van 19% p.j. Oor tydperke van 35 jaar beskou, sou u hoogste opbrengs 20% p.j. gewees het, u laagste 16% p.j. en u gemiddelde opbrengs 18% p.j. 'n Baie bestendiger prentjie.



2. 'n Langtermyn-beleggingsbenadering gee u geld blootstelling aan die krag van saamgestelde rente. Albert Einstein het eenkeer saamstelling as die agtste wonder in die wêreld beskryf. Dit beteken eenvoudig dat u geld maak op u oorspronklike belegging sowel as op die wins wat in die vorige jaar aangeteken is (d.w.s. groei op groei met verloop van tyd). As u R1 000 teen 'n groei koers van 10% p.j. belê, sou u aan die einde van die jaar R1 100 hê. En as u daardie R100 herbelê, verdien u die volgende jaar rente op die oorspronklike R1 000 sowel as op die R100. U R1 100 sou dan aangroei tot R1 210.

Afgesien van die ooglopende voordele van langtermynbelegging, sorg effekte-trusts boonop dat daar fondse beskikbaar is om aan behoeftes oor die korter termyn te voldoen. Baie beleggers wil blootstelling aan die groeipotensiaal van aandele hê, maar is bekommerd oor die risiko's (d.w.s. markonbestendigheid wat kapitaalverliese veroorsaak). Die Old Mutual Dinamiese Vloerfonds

**Anil Thakersee, Hoof van Beleggingsbe-marking, Old Mutual**



het 'n matige risiko. Die fonds poog om groei in 'n stygmark te behaal en bied kapitaalbeskerming in 'n daalmark. Blaai na bladsy 6 en lees hoekom beleggers R2.9 miljard aan hierdie fonds toevertrou het.

## Kontant sal oor die lang termyn waarskynlik nie inflasiewerende opbrengste bied nie

Belegging in kontant lyk miskien na 'n veilige keuse, veral wanneer die markte onbestendig is, maar 'n mens betaal die prys van laer opbrengste. Beleggers in geldmarkfondse, vaste deposito's en baie tradisionele bankspaarinstrumente se opbrengste is gedurende die afgelope drie jaar as gevolg van die rentekoersdalings amper gehalveer. Dit het meegebring dat sommige beleggers, veral afgetredenes, met 'n laer inkomste moes klaarkom of van hul kapitaal moes onttrek. Beleggers wat 'n inkomste wil hê, moet aktief na beleggings met hoër opbrengste soek en ook bereid wees om groter risiko te aanvaar (deur die groeipotensiaal van aandele te benut). Vir hierdie kliënte het ons twee beleggingsopsies:

1. **Old Mutual Enhanced Income Fund** poog om 'n ekstra 1% - 2% bo die gemiddelde geldmarkfondse-opbrengste te behaal. Dit het die potensiaal om 'n maandelikse inkomste met 'n beduidende 20% in randterme op te stoot. Die fonds belê in 'n verskeidenheid inkomsteskeppende beleggings wat blootstelling aan genoteerde eiendomsaandele insluit. Die fonds fokus aktief op beleggings met 'n hoër inkomste en bied ook kapitaalgroeipotensiaal.
2. **Old Mutual Real Income Fund** poog om u inkomste en u kapitaal in ooreenstemming met inflasie te laat groei. Dit kan miskien aanvanklik 'n laer inkomste as die Enhanced Income Fund betaal, maar met sy strewe om u aanvangsbelegging te laat groei sal u inkomste uit 'n immer stygende kapitaalbasis betaal word.

Blaai na bladsy 4 om meer uit te vind oor hierdie fondse.

## Koester realistiese groeiverwagtinge

Ons waarsku beleggers nou al 'n geruime tyd om meer getemperde groei van die Alle Aandele-indeks te verwag in die jaar wat voorlê. Dit sou meer realisties wees om 13% p.j. van 'n aandelefonds, 10% van eiendom, 8% van effekte en 7% van kontant (geldmarkfondse) te verwag.

**Moenie dat vrees of hebsug ooit u finansiële besluite oorheers nie. Die geskiedenis toon dat die mark hoogte- en laagtepunte het, en laagte- en hoogtepunte. Diversifiseer u portefeulje en fokus op u langtermyn-beleggingsdoelwitte om die korttermynstorms te trotseer.**

*Alle data verkry by Old Mutual Beleggingsdienste.*



# Nuwe fonds help om aftreerisiko's te bestuur

**Arno Lawrenz**  
**Hoof van Vaste Rente,**  
**Old Mutual Batebestuurders**  
 vir gemiddeld 28 aftreejare. (Bron: Old Mutual Aktuariële Afdeling)

**In ons vorige uitgawe van Finansiële Gesproke het ons die uitdagings van 'n langer lewe bespreek. Die vooruitgang op mediese gebied en mense se gesonder leefwyse beteken dat ons gevaar loop om ons aftreespaargeld te oorleef.**

In die 1980's kon die helfte van die bevolking wat op 60 afgetree het, ver wag om nog 20 jaar te leef. Nou is die verwagting dat twee derdes (67%) tot 80 sal leef, terwyl 10% 'n eeu (dit is 40+ jaar na aftrede!) sal leef. Dit beteken 'n mens moet finansiële voorsiening maak

'n groeiende inkomste en 'n mate van kapitaal groei te bied, albei in ooreenstemming met die inflasiekoers.

“Ek soek aktief na geleenthede om u kapitaal teen inflasie te beskerm,” sê fondsbestuurder Arno Lawrenz, “met die doel om u inkomste uit hierdie immer groeiende kapitaalbasis te betaal. Hoewel aanvanklike inkomste-uitkerings dus laag kan wees, sal hulle mettertyd groei.”

Gegewe die sterk inflasiebeskerming-tema, sal Arno se aandelebeleggingstrategie grootliks bepaal word deur die inflasiedryfvere in die ekonomie op daardie tydstip. As daar byvoorbeeld 'n sterk kans is dat die rand gaan depresieer ('n belangrike inflasiedryfveer), sal hy randverskansingsaandele oorweeg wat beskerming bied teen moontlike randdepresiasie. Dit is maatskappye wat 'n groot deel van hul wins uit aktiwiteite buite SA verkry. Insgelyks, indien die fondsbestuurder oortuig is dat voedselinflasie waarskynlik gaan styg, kan die besit van byvoorbeeld Astral-aandele 'n inflasieverskanser teen stygende voedselpryse wees – 'n styging in onderliggende voedselpryse beteken 'n potensiele styging in die maatskappy se verdienstestroom, as dit korrek bestuur word. Insgelyks word ander aandele uitgesoek om verskansing te bied teen ander inflasiekomponente soos mediese inflasie, wat veral vir afgetrede beleggers belangrik is. Met hierdie blootstelling kan hierdie inflasietema-inkomstefonds natuurlik hoër kapitaalbestendigheid toon as die ander inkomstefondse in die Old Mutual-stal.

Met inagneming van hierdie realiteite en ons laer rentekoers-omgewing, moet Suid-Afrikaners stappe doen om hul kapitaal te beskerm en te laat groei.

Dit is waar die **Old Mutual Real Income Fund** beleggers kan help. Dit belê oor die volle spektrum van vasterentebeleggings en kry selektiewe blootstelling aan aandele en genoteerde eiendom. Met hierdie kombinasie van beleggings poog die fonds om aan beleggers

## Ons reeks inkomsteskeppende fondse

	GELDMARKFONDS	INKOMSTEFONDS	ENHANCED INCOME FUND	REAL INCOME FUND
<b>Doel</b>	Lewer 'n effens hoër inkomste as bankdaggeldkoerse. Bewaar kapitaal, maar lewer geen groei nie.	Lewer 'n hoër inkomste as die geldmarkfondse.  Matige kapitaal groei.	Lewer 'n hoër inkomstevlak.  Hoër kapitaal groei as dié van inkomstefondse.	Lewer 'n groeiende inkomste in ooreenstemming met inflasie.  Lewer kapitaal groei in ooreenstemming met inflasie.
<b>Belê in...</b>	Geldmarkinstrumente.	Geldmarkinstrumente en kort- tot mediumtermyn-effekte.	'n Verskeidenheid geldmarkinstrumente, effekte en maksimum 25% in genoteerde eiendom.	'n Verskeidenheid geldmarkinstrumente, effekte, inflasiegekoppelde effekte en maksimum 35% in aandele en genoteerde eiendom.
<b>Risiko's*</b>	Geen risiko van kapitaalverlies nie. Beduidende herbeleggingsrisiko.	Lae risiko van kapitaalverlies. Minder herbeleggingsrisiko.	Effense risiko van kapitaalverlies. Lae herbeleggingsrisiko.	Matige risiko van kapitaalverlies. Goed bestuurde herbeleggingsrisiko.
<b>Beleggingshorisonne</b>	0 - 6 maande	6 - 18 maande	18 - 36 maande	36 maande of langer
<b>Geskik vir...</b>	Beleggers wat hul kapitaal wil beskerm en ook 'n hoër inkomste as dié van 'n bankdeposito wil kry. Beleggers wat in die aandele-mark wil infaseer.	Beleggers wat 'n hoër inkomste wil hê, met minimum kapitaalrisiko. Geskikte opsie vir ondernemings wat kontant het om oor 'n kort tydperk te belê.	Beleggers wat in die aandele-mark wil infaseer. Beleggers wat totale opbrengste wil maksimeer (inkomste-opbrengs + kapitaal). Beleggers wat die hoogste inkomste wil hê. Beleggers wat beseft dat 'n mate van risiko nodig is om kapitaal te beskerm.	Beleggers wat hul inkomste mettertyd wil laat groei om die waarde daarvan teen inflasie te beskerm. Beleggers wat bereid is om matige risiko te aanvaar om hul kapitaal en inkomste te beskerm en te laat groei.

Hierdie fondse is geskik vir individuele en institusionele aftreespaargeld, omdat hulle voldoen aan wetgewing wat aftreefondse beheer (Regulasie 28).

\* **Herbeleggingsrisiko:** Die risiko dat die inkomste wat u herbelê nie dieselfde opbrengskoers sal genereer as toe u kapitaal oorspronklik belê is nie. Dit geld veral in tye wanneer rentekoerse daal.



# Ontwakende Tier, Verskuilde Draak: die opkoms van Indië en China


**U hoef maar net die koerant te lees om die indruk te kry dat China (en nou Indië) die wêreld aandurf. Hierdie twee lande het weliswaar groot ekonomieë, maar in vergelyking met die Verenigde State is hulle heelwat kleiner en ook baie armer. Die hoofrede vir al die wêreldwye aandag is hul ongelooflike GROEI!**

**O**or die afgelope dekade het China teen meer as 8% per jaar en Indië teen sowat 7% per jaar gegroei. Wat hierdie syfers nog meer indrukwekkend maak, is die dramatiese transformasie van China en Indië wat 'n mens sien wanneer die syfers saamgestel word.

Sanjeev Sanyal, Direkteur van Wêreldmarknavorsing by Deutsche Bank, was 'n gasspreker by Old Mutual se jaarlikse beleggingsberaad vir finansiële adviseurs. Hy het 'n paar interessante voorwaardes, en moontlike hindernisse, vir volgehoue groei in hierdie toenemend belangrike ekonomieë uitgewys:

## Beleggingsgedrewe groei

Westerse ekonomiese groei word tipies deur produktiwiteit gedryf. In Asië is groei geneig om deur investering gedryf te word. China het 'n verstommende beleggingsvlak – amper 47% van bruto binnelandse produk (BBP) word jaarliks in die land teruggeploeg! Hierdie investering is hoofsaaklik afkomstig van binnelandse spaarfondse, aangesien China amper die helfte van elke dollar wat hy verdien, spaar (49% van BBP). Hoewel Indië se spaarkoers bestendig toeneem (tans ongeveer 29% van BBP), is hul beleggingspoging omtrent die helfte van China s'n, teen sowat 25%.



## Demografiese impak op ekonomiese groei

Demografiese gegewens is 'n uiters belangrike element van hierdie ongelooflike groei in Asië.

China se groeimodel is tans gebaseer op baie kapitaal wat met baie arbeid gekombineer word – dit dryf hul konstruksie- (uitvoer-) vervaardigingsektor. Soos die grafiek toon, het China al die afgelope dekade sy bevolkingspits bereik – met ongeveer 73% van die bevolking op werkouderdome – en dit sal waarskynlik nog 'n dekade so bly. In 1980 het China egter die beleid van een kind per gesin ingestel. Die geboortesifer het toe skerp gedaen en teen 2020 sal die werkende bevolking waarskynlik begin afneem. Geïndustrialiseerde ekonomieë soos Japan, die VS en dié van Europa ervaar dat hul bevolking ontstellend vinnig verouder. Dit beteken minder werkende mense, meer afgetredenes en groter druk op maatskaplike dienste.



Indië se groei, daarenteen, word deur sy goed opgevoede, Engels-geletterde middelklas gedryf. Hul dienstesektor floreer plaaslik en wêreldwyd – van die uitvoer van sagteware en agterkantoor-uitkontraktering tot hul plaaslike suksesse soos lugrederye, banke, telekommunikasie, ens. Hulle het byvoorbeeld twee miljoen nuwe selfoon-aansluitings per maand.

Hoewel hierdie stedelike middelklas met welslae wêreldwyd meeding, word hulle bedreig. Dit is 'n redelik klein groep (sowat 80 miljoen uit 'n bevolking van 1.1 miljard) en daarom raak hulle al hoe duurder. Dit beteken hulle raak minder mededingend wêreldwyd en sal waarskynlik nie die jaarlikse groeikoers van 7% kan aanhou dryf nie. Boonop het China se groei daartoe gelei dat hul middelklas groter word – wat verdere mededingingsdruk op Indië plaas.

Beteken dit die einde van Indië se bloeityd? Daar is twee demografiese verskuiwings wat Indië se vooruitgang sal ondersteun. Eerstens moet hulle nog deur 'n uitbreidingsfase gaan wat hul werkende bevolking betref – hulle is sowat twee tot drie dekades agter die res van Asië. Die tweede verskuiwing is hul primêre opvoedingsrevolusie. Indië se gelettertheid

vervolg op bladsy 7 ● ● ●